

**Skriflesing:** Psalm 45Teks: **Psalm 45: 7****Sing: VOORAF SANG- Ps. 89:3****TYDENS EREDIENS- Ps. 45:1, 2; Ps. 89:1,12; Ps. 45:5, 6; Ps. 45:8,9****Psa 45:1** Vir die koorleier: op die wysie van "Lelies". Van die Koragiete. 'n Gedig. 'n Lied van die liefde.**Psa 45:2** Mooi woorde roer in my hart; ek dra my gedig voor aan die koning; my tong is soos die pen van 'n vaardige skrywer.**Psa 45:3** U is mooier as alle mense; oor u lippe vloei net vriendelike woorde, want u hele lewe lank seën God u.**Psa 45:4** Kom, held, maak u reg vir die stryd, kom in u koninklike luister.**Psa 45:5** Mag u oorwin! Knoop die stryd aan vir die waarheid en vir die reg van die hulpelose! U is geroepe tot magtige dade.**Psa 45:6** U skerp pyle laat volke voor u voete val; hulle deurboor die hart van die koning se vyande.**Psa 45:7** U troon, verhewe wese, staan vir altyd vas, met u koninklike septer laat u geregtigheid geskied.**Psa 45:8** U het die reg lief en u haat die onreg, want, verhewe wese, onder groot vreugde het u God u bo u tydgenote tot koning gesalf.**Psa 45:9** Die geur van mirre, aalwyn en kaneel deurtrek al u klere; musiek uit u ivoorversierde paleis maak u bly.**Psa 45:10** Voor u staan prinsesse, getooi met u juwele, en aan u regterhand die koningin, versier met goud van Ofir.**Psa 45:11** Luister, dogter, luister goed: neem afskeid van u volk en u familie,**Psa 45:12** want u skoonheid bekoor die koning. U behoort aan hom, u moet hom eer.**Psa 45:13** Dogter van Tirus, die rykes van die volk sal u guns soek met geskenke.**Psa 45:14** In louter prag staan die koningin daar in haar kleed van goudbrokaat;**Psa 45:15** in haar veelkleurige rok word sy na die koning toe gelei; sy en haar gevolg van jong meisies, haar vriendinne, word na u toe gebring.**Psa 45:16** Onder uitbundige vreugde word hulle ingelei, betree hulle die paleis van die koning!**Psa 45:17** Mag u seuns hê om u geslag voort te sit dat u hulle kan aanstel as regeerders in die hele land!**Psa 45:18** Mag deur my lied die roem van u naam oor geslagte strek, sodat volke u vir altyd sal prys.**Skriflesing:** Psalm 45Teks: **Psalm 45: 7****Sing: VOORAF SANG- Ps. 89:3****TYDENS EREDIENS- Ps.45:1, 2; Ps. 89:1,12; Ps. 45:5, 6; Ps. 45:8,9**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, Vrydag met Geloftedag was ons met Psalm 46 besig

gewees. Die Psalm wat onder andere wys op oorlog en die geweld van oorlog. Ons het gehoor

dat God verskriklike dinge op hierdie aarde kan bring- Ps. 46:9 ... *Kom, aanskou die dade van**die HERE, wat verskriklike dinge oor die aarde bring...* In dieselfde Psalm 46 het ons reeds ook

die groot troos dat waar die Here oorlog kan laat begin is dieselfde Here ook die Een wat oorlog

kan beëindig. Psalm 46 bevestig dit ook - hoe die Here oorloë *tot by die einde van die aarde kan**laat ophou... pyle en boë verbreek Hy, spiese slaan Hy stukkend, oorlogswaens verbrand Hy met**vuur.* Psalm 46 eindig met 'n besondere troos - *Bedaar en erken dat Ek God is, hoog bo die**nasies, hoog bo die aarde. (12) Die Here, die Almagtige, is by ons, die God van Jakob is vir ons**'n beskutting.*

Hierdie besondere troos wat ons in Psalm 46 op Geloftedag kon kry, laat ons vandag net een Psalm terugblaai. Psalm 45 wat ons in die tussentyd gelees het, die tyd tussen 16 Desember en 25 Desember, waar tradisioneel 25 Desember vir baie geliefdes en families 'n tyd van saamwees, samesyn, saamkuier. Ja die mooi van om deel van 'n familie en 'n huisgesin te wees word in baie gevalle in die Kerstyd opnuut beleef.

\*\*\*

Dit mag ook wees, want al weet ons dat Jesus Christus se werklike geboortedatum op 'n heel ander datum in die jaar val, het die Here sy Kerk deur die eeue nog altyd so gelei en bewaar dat ons tradisioneel nie by 'n heidense fees wil vassteek nie. Ons besef dat 25 Desember wel vroeër 'n heidense fees was, maar God is die Een wat met 'n krom stok ook reguit hou kan slaan. God kan ou heidense datums, gebruike en metodes so verander dat die oue wel ook nuut kan word. God het ou heidense konings, soos Nebukadnesar, soos Kores sonder dat hulle dit gewil het, het hulle geen keuse gehad om wel instrumente in die almagtige God se hande te word.

As God dit met mense kon doen, net soveel met 'n datum, maar dan moet ons sorg dat ons wel Kersfees as 'n Christusfees vier, met die fokus op Wie vir ons gebore is, Wie Christus waarlik is. Hy die grootste geskenk wat daar ooit vir hierdie verlore wêreld gegee kon word. En met die gedagte van datums en hoe God dinge kan omdraai en wel tot sy eer kan gebruik is dit ook nie uitgesluit dat sou ons somme maak met die baie datums en feeste wat in Levitikus ter sprake kom, is die viering van die Christus kind dan ook nie so belaglik om dit wel in Desember te doen nie. Wie Levitikus se feeste mooi ontleed kom agter dat die begin van die maagd Maria se swangerskap, m.a.w. haar eerste maand van swangerskap wel in Desember kon wees, daarom mag ons die lewe van Christus vier. Sy lewe as fetus het dan so pas begin. Dis tog ook iets om oor bly te wees en fees te vier.

\*\*\*

En nou sien ons Kersfees ook in Christus as 'n tyd van liefde en samesyn, maar Psalm 45 is ook so 'n Psalm. Waar Psalm 46 en 16 Desember nog van oorlog en baie swaar dinge melding gemaak het, dinge waarmee hierdie ou wêreld so vol is, dinge wat nie ophou nie, dinge wat mens baie moeg kan maak. As ons 'n koerant lees, of ons luister nuus, of ons kyk op watter manier ook al wat in die wêreld aangaan, dan is die wêreld eintlik baie vêr van die werklike Kersboodskap verwyder, ja die wêreld misbruik eintlik hierdie besondere datum om net baie geld

te wil maak. Psalm 45 praat van die mooi dinge wat niks met geldmaak te doen het, intendeel dit is dinge wat geld nie kan koop nie, maar dit is waarmee ons lewens in die Kerstyd gevul mag wees. Psalm 46 praat van oorlog, Psalm 45 is 'n lied van die liefde. Soos Psalm 46 is hierdie Psalm ook deur een van die kinders van Korag geskryf.

\*\*\*

Moontlik was die benaming *lelies*... die naam van 'n baie bekende lied in daardie tyd. Hierdie Psalm moet dan op dieselfde wysie as daardie lied gesing word. En die woorde pas so mooi in by die boodskap wat ons vieringe in Christus ons ook by moet uitbring. Luister net na die begin- *Mooi woorde roer in my hart; ek dra my gedig voor aan die koning; my tong is soos die pen van 'n vaardige skrywer. 2 (45:3) U is mooier as alle mense; oor u lippe vloei net vriendelike woorde, want u hele lewe lank seën God u.* Die 1953 Vertaling stel dit eintlik nog meer aangrypend- *My hart word bewoë deur goeie woorde; ek dra my gedigte voor aangaande 'n Koning; my tong is die pen van 'n vaardige skrywer. 2 (45:3) U is veel skoner as die mensekinders; genade is uitgestort op u lippe; daarom het God U geseën vir ewig.*

Baie van die woorde is so direk van toepassing op Wie Jesus Christus vir ons is en dit wat sy koms na die wêreld inlei. Tog wil dit lyk die Psalm aanvanklik geskryf was vir een van die konings van Juda toe dié sopas in die huwelik getree het. Dit maak dit dan meer as net 'n liefdeslied, dis ook 'n huwelikslied. Heel aan die begin word die pasgetroude koning aangrypend besing. Dis asof die woorde uit die digter borrel. Die Hebreeuse woord wat hier gebruik word vir bewoë is 'n woord wat wys my hart loop oor. Dis asof dit bly oorloop en oorloop. Die digter verbly hom in die koning. Al kan hy oor hierdie blydschap praat en praat is dit vir hom asof dit neergeskryf moet word. My tong word die pen van 'n vaardige skrywer. Hy is gereed om nie net te praat nie, maar sou hy eintlik alles wou neerskryf. Al is hierdie koning van wie hy skrywe 'n gewone mens, voel dit vir hom die koning is eintlik meer as net 'n gewone mens. *U is veel skoner as die mensekinders ...* Die 2020 Vertaling stel dit - *U is mooier as ander mense ...* Die 1983 vertaling sê - *U is mooier as alle mense ...*

Hoe dit ook al sy ons kan verstaan al was hierdie Psalm aanvanklik vir 'n besondere koning in sy huwelik geskryf kan ons nie anders as om die Psalm eintlik direk op Christus te betrek nie. Christus waarlik in alles die mooiste in sy woorde en werke wat daar kan wees. Niemand wat

mooier dinge kon sê en doen as Hy nie! Ons lees daarom ook, dat Jesus, selfs as jong seuntjie kan ons aanvaar dat dit waar is wat in Lukas 4 vers 22 staan- *Jesus het aangename woorde gespreek*. Psalm 45 praat van *genade wat op die koning se lippe uitgestort was. Die ewig geseënde van God*. Hoe was Jesus se preke 'n toonbeeld van vertroosting, bemoediging en waarskuwing. Mag dit wees dat jou en my woorde in hierdie naderende Kerstyd en met Kerstyd nie anders sal wees nie. Ons woorde ook so geseënd mag wees. Ook in 2023. Nie om af te breek, te verniel, mekaar net te wil seermaak nie. Ironies dat Satan dit regkry dat hierdie tyd van die jaar is dikwels die tyd waarin mense mekaar nogal die seerste kan maak en woorde nie vaardig is soos 'n pen wat mooi dinge wil skryf nie, maar woorde word soos spiese wat mekaar wil steek en seermaak en afbreek. Mag daar op ons lippe ook genade uitgestort word soos die Psalm dit stel.

Die Psalm in huwelikstaal geskrywe maar weet ons die huwelik is ook die besondere beeld van Christus die Bruidegom wat met sy bruid, sy kerk in die huwelik getree het. Die Koning en die Koningsbruid van Psalm 45 is daarom ook niks anders as 'n profesie van Christus wat sy Kerk in die Nuwe Testament in besonder liefhet. Hy gee vir ons om soos 'n bruidegom veronderstel is om vir sy bruid om te gee.

\*\*\*

Saam met die Bruidegom se liefde word ons ook gebring by die heerlikheid van Hom wat op verskillende maniere besing word. As daar geveg moet word vir waarheid, ootmoed en hoogste reg dan het Jesus nie teruggedeins nie. Openbaring 1 verkondig aan ons dat daar 'n tweesnydende swaard uit die mond van Jesus uitgaan waar sy Woord in die hele wêreld gepreek moet word. Dit is die evangelie van verlossing en oordeel. Hoe mooi sluit die koningspsalm, Psalm 45 ook weer hierby aan. *Gord u swaard aan die heup, o held, u majesteit en u heerlikheid;4 (45:5) ja, u heerlikheid! Ry voorspoedig ter wille van waarheid en ootmoed en geregtigheid; en laat u regterhand U vreeslike dinge leer!*

\*\*\*

As ons Kersfees vier, dan is die gedagte nie soseer eerstens Christus se heerlikheid nie, maar die vernedering wat daar vir die Koning van die konings was. Hy wat ook die Koning is van die koning van Psalm 45. Hy is gebore in 'n stal, waar Hy as baba neergelê was, was die vreetplek van diere, sy mense het Hom in doeke toegedraai, nie dadelik babaklere kon aantrek nie.

Tog was die heerlijkheid wat op Hom gewag het, iets waarvan Psalm 45 geen geheim maak nie. Soos Christus se heerlijkheid by sy geboorte verborge was (weggesteek was), so is sy bruid, die ware Kerk van Christus ook nog nie 'n verheerlikte Kerk op aarde nie. Tog is ons as Kerk se heerlijkheid nie los te maak van die heerlijkheid van Christus nie. Ons as Kerk se heerlijkheid is nog verborge in die hemel waar die nuwe Jerusalem gebou word. Met Christus se terugkoms dan sal die heerlijkheid ten volle ons deel wees. Soos een kommentator dit stel- dan sal ons volmaak kan sien wat die betekenis van die kerk in die wêreldgeskiedenis was.

\*\*\*

Tog besef ons op hierdie Sondag en mag dit ook volgende Sondag só wees as ons Kersfees vier dat iets van hierdie heerlijkheid gesien kan word as die heerlijkheid van die groot Koning waar en reg gepreek word. Die heerlijkheid van sy troon wat ewig is. So profeteer die Psalm Christus se troon- al sien ons by Kersfees 'n krip- vers 7- *U troon, o God, is vir ewig en altyd; die septer van u koninkryk is 'n regverdige septer.* Al is ons klein klompies bymekaar, God se heerlijkheid in Christus is nooit klein nie. Soos dit by sy geboorte ook was. Een kant die eensaamheid, die stal, die kleine, herders wat by hulle skape nie hooggeag was nie, maar dan spreek die heerlijkheid reeds ook by sy geboorte. 'n Baie baie groot engelekoor wat die herders se hele nag by hulle skape omkeer, wat spreek en sing van wêreldvrede, wat jy jou nie kan indink nie. Heerlik ... en ook sterrekykers van 'n vêr wêreld, sien in die sterre nie net nog 'n ster nie, maar die ster word so verhelder in sy heerlijkheid dat dit wil afstraal op die groot en heerlike Koning wat gebore was. Dit was asof die sterrekykers, die wyse manne uit die ooste nie anders kon as om maar net die ster te begin volg nie. In hierdie kindjie kan ons ons heerlijkheid vind al was daar op die oog af geen heerlijkheid rondom Hom te bespeur nie.

Ons as Kerk, ja die vrou van die Koning, die bruid van Christus, sy word wel ook in Psalm 45 beskryf en besing- Dit gebeur vanaf vers 11- *Hoor, o dogter, en kyk en neig u oor, en vergeet u volk en die huis van u vader;11 (45:12) en as die Koning u skoonheid begeer — want Hy is u Heer — buig u dan voor Hom neer.* Die vrou, die bruid in Psalm 45 moet ook besondere voorbereidings vir haar huwelik tref. Dis duidelik dat sy haarself so volkome aan die koning moet wy dat haar eie herkoms en familie nie meer die belangrikste is nie.

So moet ons ook aan Christus oorgegewe wees as ons besef Hy het dit duidelik gemaak dat ons geen besittings of familie b6 Hom mag liefhê nie. Hy vra ons toewyding en diensbaarheid. In 2023 sal Hy dit steeds vra. Hy wat sy alles gegee het vir sy bruid. Daarom is dit ook net reg dat Hy ons alles mag vra, Hy wat ons Bruidegom is.

Die bruid het in Psalm 45 groot opofferinge om te maak, juis vanweë die feit dat sy die vrou van hierdie besondere koning kon word. Selfs in ander lande, hier is die voorbeeld van Tirus – ja hulle bring geskenke. Hulle wil by die bruid gereken wees. Hulle soek haar guns.

Ook as ons volgende Sondag Kersfees vier, dink ons daaraan die werklike fees is op pad. Die bruilofsfees van die Lam wat Openbaring 19 openbaar. So is Christus die Een wie se roem oor geslagte heen strek, ja tot in ewigheid. Vers 18 van Psalm 45 het dit ook bevestig. Mag deur my lied die roem van u naam oor geslagte strek, sodat volke u vir altyd sal prys. Ja, mag dit die gesindheid wees waarmee die bruid volgende Sondag Kersfees vier. Ons besef dit gaan om meer as die viering van 'n geboorte, mag ons fees insluit die vreugde om bruid van so 'n besondere Bruidegom te mag wees.

Hy wat profeties in Psalm 45 op wonderbaarlike wyses reeds vertoon was. As 'n gewone koning so 'n wonderlike salwing kon ontvang, waar die geur van mirre, aalwyn en kaneel sy klere deurtrek het, musiek uit die ivoorversierde paleis mense kon blymaak. Hoe groot was die salwing van Hom wat as ons hoogste Profeet, ons ewige Koning, ja ons enigste Hoëpriester gesalf is, Hy wat direk deur die Heilige Gees gesalf kon word. Daarom weereens ons gebed soos aan die einde van Psalm in die tyd van die naderende Kersfees- *Mag deur my lied die roem van u naam oor geslagte strek, sodat volke u vir altyd sal prys.*

AMEN